# FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## Riglyne vir die Dekaansvergunningsassessering (DVA) vir finalejaar-voorgraadse studente van 2024

- Om vir die DVA te kwalifiseer, moet jy as 'n finalejaar- voorgraadse student in 2024 geregistreer wees.

- Jy moes vir die betrokke module(s) by die Universiteit Stellenbosch geregistreer het in die jaar <u>voor</u> die DVA in Januarie, dit is in 2024.

- Finalejaarstudente van ander fakulteite wat vir EBW-modules ingeskryf het, moet die DVA-reëls nagaan wat op hulle spesifieke fakulteite betrekking het.

- Slegs studente wat oor 'n geldige finale punt beskik, kan toegang tot die DVA kry. Vir 'n geldige finale punt, moet 'n student:
  - minstens een van A2/A2S2 of A3 voltooi; en
  - minstens twee hoofassesseringsgeleenthede vir semestermodules voltooi of minstens drie hoofassesseringsgeleenthede vir jaarmodules. **Jy kan dus vir die DVA aansoek doen; selfs al het jy nie al die hoofassesserings voltooi nie**; en
  - aan al die vereistes voldoen wat in die betokke moduleraamwerk gestel word, byvoorbeeld deelnamepersentasie en/of vlak van bevoegdheid.

- Jy kan jou finale uitkoms op jou akademiese studierekord of SUNStudent vasstel. Kyk na die kommentaarkolom langs die finale punt:
  - Indien die kommentaar by jou finale punt "druip" is, beteken dit dat jy 'n geldige finale punt vir hierdie module het en dat jy moontlik vir 'n DVA kan kwalifiseer (indien jy aan die ander DVA-vereistes voldoen).
  - Indien die kommentaar by jou finale punt "onvoldoende assesseringspogings" is, het jy nie 'n geldige finale punt nie en kwalifiseer jy dus nie vir 'n DVA nie.

<u>Die volgende reëls geld vir die DVA in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:</u>

- 'n DVA kan toegestaan word indien:

  - 'n student 33 of minder krediete in hoogstens twee modules kortkom vir 'n graad, diploma of sertifikaat,
    *of*
    'n student een module van 48 of minder krediete kortkom om graad te kry (indien dit die enigste module is wat 'n finalejaarstudent nodig het om te gradueer), en

  - 'n student 'n finale gemiddelde punt van minstens 35% vir die betrokke modules van 'n maksikum van 48 krediete behaal het.

- Die hoogste punt wat jy kan behaal wanneer jy ’n DVA slaag, is 50%.

- Studente wat vir programme in ander fakulteite geregistreer is, moet die DVA-riglyne nakom wat op daardie fakulteite van toepassing is.

- Alle DVA’s sal gedurende ’n enkele asssesseringsessie **in Januarie 2025** geskryf word voordat klasse begin. Geen verdere vraestelle sal vir hierdie doel opgestel word nie.

- Die assesseringsessie sal in die lesingsale van die Van der Sterr- en CGW Schumanngeboue plaasvind. Die spesifieke lokale sal later (in Januarie 2025) op die webtuiste van die Fakulteit (www.sun.ac.za/ebw) aangekondig word. Jy kan ook jou assesseringslokaal op die dag van assessering in die voorportaal van die CGW Schumanngebou nagaan. Maak asseblief seker dat jy minstens 30 minute voordat ’n assessering begin, by die lokaal aankom.

- Gaan jou akademiese resultate na afloop van die November-assesserings na en, indien jy kwalifiseer, onthou om **so spoedig moontlik** vir die DVA te registreer deur die skakel hier onder te gebruik.

- Registreer elektronies teen **10 Januarie 2025** vir die DVA via die registrasieskakel hier onder.

- Wanneer jy die aansoekvorm ingedien het, wag asseblief vir kommunikasie vanaf die Registrateursafdeling.

- Vanaf Desember 2024 sal studente wat reeds geregistreer het, e-posse van die Registrateursafdeling ontvang wat bevestig dat hulle vir die DVA kwalifiseer en toegelaat sal word om dit af te lê.

DVA-skakel: https://forms.office.com/r/kAG6wn6VDw

**Let asb. op:** Selfs al voldoen jy aan die vereistes om die DVA te skryf, moet jy daarvoor registreer. Indien jy nie die registrasieprosedure volg nie, sal ons nie in staat wees om doeltreffend vir die DVA-geleentheid voor te berei nie.

Indien jy enige verdere navrae het, kontak asseblief die EBW-fakulteitsbeamptes by die Registrateursafdeling by registrarems@sun.ac.za.



Registrar’s Responsibility Centre |
Registrateursafdeling
+27 21 808 9111 | registrarems@sun.ac.za/ www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa |
eMzantsi Afrika | Suid-Afrika